RESA – NOTULE VAN DIE AJV

NOTULE VAN DIE 2DE RESA ALGEMENE JAARVERGADERING GEHOU OP 20 DESEMBER 2016 OM 09:30 TE ERF 124, PRIESTLYA STRAAT, ROOIELS.

TEENWOORDIG:

RESA OPS. KOM.: Mark Butler (Voorsitter), Wessie van der Westhuizen, Duncan Hiles, Dick Lockley en sub-komitee lede: Peter Koning. Hilgard Muller, Ernst Thompson met verskoning van Dawid & Shelley Blake en Willie Boltman. Agt en dertig bykomende lede van die Rooiels gemeenskap het ook die vergadering bygewoon met John Kleyn van Helderberg Buurtwag as genooide gas.

Verskonings is ontvang van Sandra Yeo, Marais Stofberg, Steward Waddell, Geoff & Lynne Harris, Frank Raymond, Andre Badenhorst, Bob Baigrie, Nicky Krone and Riel Buys.

NOTULE VAN DIE AJV VAN 28 DESEMBER 2015

Die voorsitter lees die notule van die eerste AJV en dit word algemeen aanvaar.

VOORSITTER VERSLAG

Die Voorsitter lees sy verslag en die volgende punte word uitgelig:

- 'n Verhoging in kriminele aktiwiteite het die afgelope jaar voorgekom met meer as 40 insidente sedert Februarie 2016. Een van die insidente het tot die tragiese heengaan van Mev. Thelma Marais gelei.
- ASK het traag gereageer op die kontraktuele verbinding en het eers vanaf 1 Mei nagpersoneel verskaf vir die bemanning van die RESA kantoor. Dit het egter gelei tot die verbetering van reaksietyd van tussen 3 en 5 minute in 95% van alle gevalle en dit is prysenswaardig.
- Die RESA kantoor word daagliks tussen 09h00 en 14h00 deur Mev. Ina van der Sandt beman, asook op Saterdag oggende. Sy is 'n ware bate vir RESA en hou akkurate statistieke van kriminele aktiwiteite in Rooiels.
- 'n Sleutelbewaringsfunksie vir die inwoners sal in 2017 ingestel word. Dit sal slegs deur RESA bedryf word en nie deur ASK nie.
- In opvolging van die verhoging van kriminele aktiwiteite in Julie, is 'n verdere Gemeenskapvergadering in September gehou wat deur 64 Rooielsers bygewoon is. Dit het gelei tot nuwe planne wat kapitaal vereis het vir uitvoering. 'n Borgfonds is geskep en ons het 'n boverwagte reaksie ontvang met skenkings van R190 000,00 tot op datum. Dit het ons OPS. Kom. in staat gestel om die implimentering van sekere planne te bespoedig wat later meer breedvoerig op die vergadering bespreek sal word.
- Die Voorsitter bedank almal wat tot die Borgfonds bygedra het en wys daarop dat van die borge anoniem wil bly.
- Die Voorsitter beklemtoon dat dit wat alreeds bereik is, maar die begin is van dit wat nodig is om Rooiels 'n veiliger plek te maak. Met meer bronne tot ons beskikking is baie werk reeds gedoen en hy bedank die span vir hulle harde werk en bydraes asook Rooiels inwoners vir hulle ondersteuning.

FINANSIES

Die RESA ledegeld was R100,00 of R1 200,00 per jaar vir 2016.Dit het al ons uitgawes soos huur, salarisse, elektrisiteit en ander items gedek. Daar was ‘n oorskot van R20 000,00 wat na 2017 oorgedra sal word. Dit is voorgestel dat die gelde met 10% verhoog word tot R110,00 per maand of R1 320,00 per jaar. Voorgestel deur Ernst Thompson en gesekondeer deur Piet Uys en daarna algemeen aanvaar. Peter Ellis vra of daar weer na die lede gegaan sal word indien meer fondse benodig sal word. Die Voorsitter voorsien egter nie op die stadium dat dit nodig sal wees nie en beklemtoon dat die borggelde in ‘n afsonderlike rekening gehou word en nie deel van die lopende rekening is nie.

BUURTWAG EN PATROLLEERDERS

Daar is drie “whatsapp”-groepe gevorm

- Buurtwag sekuriteisgroep met Shelley Blake
- Patrolliegroep met Peter Koning
- Rooiels sosiale groep met Linda Hiles.

Ons versoek inwoners om streng binne elke groep se onderwerp te bly tydens kommunikasie.

‘n Ernstige tekort aan patrolleerders snags word ondervind en ons versoek vrywilligers om asseblief met die diens te help. Daar is tans slegs 8 aktiewe lede en die syfer daal gereeld tot 4. Vrywilligers word aangemoedig om Peter Koning so spoedig moontlik te kontak.

Peter Koning noem dat klagtes ontvang is oor die gebruik van die stroboskopiese ligte deur die patrolleerders. Dit moet egter beklemtoon word dat hierdie ligte uitstekend werk vir sigbaarheid, wat die hoofdoel van die patrollering is en wat die misdaad element effektief beheer. Dit word ook beklemtoon dat dit die “blockwatch App” uitsluitlik vir die doel gebruik moet word. Sodra radio’s ontvang word, sal dit ook die taak van die patrolleerders baie vergemaklik vir spoedige en effektiewe kommunikasie.

Hy wys ook na erfnommers by eiendomme en versoek dat groot en sigbare nommers aangebring word om spoedige diens te verseker.

Nadat Mark Johan Kleyn voorgestel en bedank het vir sy ondersteuning aan dIe RESA OPPS. Kom., spreek hy die vergadering toe. Hy het die radioseinversterker op Mark se huis geinstalleer wat uitstekend werk. Die radiolisensie is in die proses van goedkeuring en ‘n vorm vir die handtekeninge van die lede is gesirkuleer, sodat finale dokumentasie spoedig afgehandel kan word. Sodra die 35 aangekoopte radios uitgereik word aan die persone, wat bestel het, sal radioprotokol ingestel word.

CCTV (geslotebaantelevisie)

Die eerste kwotasies vir ‘n kamera, om die toegangsroetes na Rooiels te monitor, was baie duur en omdat dit onbekostigbaar was, is John Kleyn vir hulp genader. Hy het ons na ‘n ander firma verwys en twee weke later, is ons eerste twee kameras by die hoofingang geinstalleer, dit teen ‘n fraksie van die eerste koste. Ons waardeer hierdie hulp van John en beoog om vroeg in 2017 uit te brei op die kameras en ook om dekking van die strandgebied te verkry.

BUURTWAG

John beklemtoon dat buurtwag 'n uitstekende en effektiewe manier is om misdaad te beveg, asook om die SAPD wettiglik by te staan met misdaadbekamping . Buurtwag los nie misdaad op nie, maar bekamp dit grootliks,. Ons word binnekort geakrediteer as Rooiels Buurtwag en dit sal ons wettigheid verbeter en ook groter magte aan ons verskaf.

BEPERKTE TOEGANG

Diarmuid Baigrie bespreek die planne om later ook Porterweg snags te sluit vir toegang. Hy het dit met Mnr. Desmond Lakay van Kleinmond Munisipaliteit bespreek om toestemming van die owerhede te verkry. Alhoewel Diarmuid dit duidelik gestel dat dit slegs in die nag gesluit sal word, wou Mnr. Lakay nie die aksie goedkeur nie. Hy beweer dat dit teen die grondwet is om vrye beweging van mense te beperk en dat Overstrand nie geslote gemeenskappe wil skep nie. Hy stel voor dat Rooiels die saak voorlê aan die Munisipale Bestuurder in Hermanus vir hulle oorweging. Porterweg kan blykbaar ook van die Munisipaliteit gehuur word waar ons dan vir die onderhoud verantwoordelik sal wees. Verdere werk in verband sal in 2017 gedoen word. Intussen sal ons die gemeenskap probeer oorreed dat daar voortgegaan moet word met die bogenoemde stappe.

VERKIESING VAN RESA KOMITEE

Die Voorsitter noem dat alle huidige lede beskikbaar is vir nog 'n termyn waarna almal eenparig besluit dat die komitee vir nog 'n termyn moet voortgaan.

CLARENCEWEG/R44 AKSIEGROEP

Wolfgang Steinbach gee verslag oor die stigting van die groep. Die probleem is dat die R44 Rooiels verdeel wat dit verpligtend maak dat die owerhede spoedbeperkings implimenteer, voetoorgange en voetpaaie aanbring. Hierdie saak sal ook op REBV en Bewarea jaarvergaderings bespreek word en terugvoering sal gegee word aan RESA.

BESPREKINGS

Die volgende is genoem:

- Diarmuid Baigrie noem dat Rooiels 240 geboude huise het, waarvan 69 nie lede van RESA is nie. Ook dat 25 RESA lede nie hulle ledegeld betaal het in 2016 nie. Ons het tans 150 lede, maar die mikpunt vir volhoubare bestaan is 200 lede en hy versoek dat lede hulle vriende en bure nader om die doelwit te verseker.
- Wolfgang vra hoe die ASK kontrak werk en die Voorsitter verduidelik dat dit 'n 6 maandelikse kontrak is, bindend aan albei partye. Daar is weeklikse vergaderings met ASK asook die "JOCom" vergaderings wat elke Maandag in Kleinmond met SAPD gehou word.
- Angela Murphy bedank RESA vir die uitstekende werk om Rooiels veiliger te maak en noem ook dat dit die eiendomme se waarde sal verhoog
- Mark Butler sê dat ons die sekuriteit verder kan verbeter as lede hulle ledegeld betaal en nuwe lede gewerf kan word.
- Mike Levett was onder die indruk dat RESA tevrede is met die 12/7 teenwoordigheid van ASK en vra of ons dan nie oorspronklik 'n 24/7 teenwoordigheid wou hê nie? Die Voorsitter

wys daarop dat dit wel die doel was, maar dat die koste dit nie regverdig het nie. Ons streef egter na daardie doel.

- Wessie bedank die Voorsitter en Twin Oaks Financial Services vir hulle werk en ondersteuning gedurende 2016. Hy noem dat Mark en sy firma alle finansiële aspekte van RESA kosteloos doen. Hy bedank Mark ook persoonlik vir sy tyd om RESA so goed te bestuur.

Die Voorsitter bedank alle lede vir hulle teenwoordigheid asook hulle ondersteuning deur die jaar.

Die vergadering verdaag om 10h38.

Aangeteken

Dick Lockley

21 Desember 2016